T. F. TORRANCE, *Kingdom and Church*, Oliver and Boyd, Edinburgh-London, 1956.

Die Protestantse Teologie, en veral die Dogmatiek is relatief arm aan goeie, grondige werke oor die eskatologie.

In die laaste jare het die belangstelling vir die eskatologie en die diskussie oor die probleme en implikasies van die eskatologie, weer opgeleef. Oor die algemeen gesproke, kan 'n mens egter tog sê dat hierdie leerstuk een van die verwaarloosde leerstukke van die Kerk was. Miskien is dit mede hieraan te wyte dat die eskatologie veral in sektes en sektariese stromings en rigtings lewendige belangstelling geniet het en 'n sentrale plek by hulle gaan inneem het.

Dit is daarom verblydend dat ons hier 'n uiteensetting van die bybels-reformatoriese leer van die eskatologie het, 'n boek waarin daar ruim, noukeurig en met kundigheid uit die oorspronklike bronne geput is.

Prof. Torrance is professor in die Dogmatiek aan die Universiteit van Edinburgh. Sy boek behandel eintlik die eskatologiese denke van Luther en Calvyn, met 'n kort intermezzo oor hierdie leerstuk by Bucer, 'n figuur wat 'n tussenposisie tussen hierdie twee groot Kerkhervormers inneem.

Hierdie drie hoofstukke word voorafgegaan deur 'n kort, inleidende uiteensetting van die eskatologiese denke van die reformatore in teenstelling met Rome: Vir Rome is die patroon van die Koninkryk so volledig ingebed in die aardse Kerk, dat die struktuur daarvan uit die Kerk self afgelees kan word deur die leeramp. Hier is die *eschaton* so makgemaak en binnein die Kerk gehuisves, dat die groot eskatologiese gebeure geen beroering en beweging meer in die vaste lyne van die Kerk kan bring nie. Voleinding beteken eintlik alleen maar dat die aardse Kerk in 'n hemelse verander sal word.

By die reformator is daar egter 'n spanning tussen Kerk en Koninkryk, tussen weg en voleinding. Hulle het weer die lewende God van die Bybel ontdek wat aktief ingryp in die geskiedenis van die mense, en daarom sien hulle met geloof en hoop, maar tegelykertyd met bewing Sy koms aan die einde van die dae tegemoet. Predestinasie beteken nie 'n vaste patroon op dieselfde wyse as by Rome nie, 'n patroon wat alleen maar ontplooi moet

word nie, maar dit beteken dat die hele geskiedenis van die Kerk afhang van die vrye liefdewil van God. Daarom is hierdie dinge dan ook nie te bereken nie, maar alleen in die geloof te ken.

Hierdie gedagtes word dan verder deur Torrance uitgewerk uit die werke van die reformatore self. Luther se eskatologie is 'n eskatologie wat staan in die lig van die laaste oordeel en word 'n eskatologie van die geloof genoem; Calvyn se eskatologie word getipeer as 'n eskatologie van staan in die lig van die opstanding — dit is 'n eskatologie van die hoop, terwyl dié van Bucer 'n eskatologie van die liefde is.

Kortom: 'n Goeie, waardevolle en aanbevelenswaardige boek.

B. J. ENGELBRECHT.